

Met die lente hier is almal weer lus om piekniek te gaan hou. Wat kan nou mooier wees of meer tot die vrolikheid van so 'n uitstappie bydra as dié pragtige laslaptafeldoek om die eetgoed op uit te stal?





BENODIGDHEDE

6 m materiaal (6 stukke van 1 m elk in verskillende ontwerpe) 90 cm breed
2 m ekstra van een van die bogenoemde materiale (m.a.w. koop 3 m van een van die ontwerpe) om in die middel van die piekniektafeldoek en vir servette te gebruik
6,5 m liggewig aanstrykvoering (Vilene)
2 m wit lakenlinne (90 cm breed)
6 m wit skuinsband

DIE VOERING

Om 'n sirkel uit te knip, vou die lakenlinne in vier en lê dit plat neer.

Bind 'n potlood aan 'n stuk tou vas en anker die ander punt van die tou met 'n kopspeeld in die hoek van die gevoude lakenlinne (dit is die werklike middelpunt van die sirkel) (kyk skets 1).

Sorg dat die afstand tussen die kopspeeld en die potlood 90 cm is. Sorg dat die tou styf span en trek 'n kwartsirkel van die een kant na die ander kant van die materiaal.

Knip versigtig op die streep langs deur al vier lae materiaal (wanneer jy dit oopvou, moet dit 'n sirkel van 360 grade vorm).

Knip V-vormige kepies (kyk skets 2) sowat 1 cm van mekaar al langs die rand van die sirkel.

Stik wit skuinsband aan die verkeerde kant van die sirkel vas om die rafelrande te bedek.

DIE BLOMBLARE

Knip elke meter materiaal in vier stroke van 25 cm elk (moenie die twee ekstra meter gebruik nie).

Knip 24 stroke aanstrykvoering van dieselfde grootte en stryk aan op die agterkant van elke stuk materiaal.

Teken die vorm van die blaarmotief oor op 'n stuk karton en knip uit. (kyk skets 3).

Neem een van die gevoerde stroke materiaal en vou dit dubbel (kyk skets 4). Plaas die kartonvorm op die gevoude stuk materiaal en knip drie blomblare uit elke stuk gevoude materiaal sodat jy ses blomblare het wanneer jy die materiaal oopvou.

Herhaal dit met elke strook materiaal sodat jy uiteindelik 144 blomblare het.

OM DIT AANMEKAAR TE WERK

Plaas die ronde stuk lakenlinne plat neer en steek die blomblare in afwisselende kleure en ontwerpe om die rand van die lakensirkel vas.

Die ronde kante van die blomblare moet 5 cm verby die rand van die laken-doek steek. Die blomblare moet telkens sowat 2,5 cm oormekaarvou (kyk skets 5). Jy sal sowat 45 blomblare om die buiterand van die tafeldoek gebruik.

Plaas die volgende ry blomblare op die doek sodat die ronde kante weer eens 5 cm oor die eerste ry blomblare steek. Jy behoort sowat 35 blomblare in dié ry te gebruik.

Pak nog 'n derde en vierde ry op dieselfde manier. In die 3e ry sal jy 26 blomblare gebruik en 15 in die vierde ry.

Wanneer jy die rye blomblare klaar vasgesteek het, sal daar 'n sirkel van 30 cm deursnee in die middel van die linne-doek oop wees.

Ryg nou al die blomblare aan die linnendoek vas. Begin by die blomblare in die middel en werk na buite.

Stik nou met sigsag-steek (gebruik gare wat insakeer by al die verskillende kleure materiale — in dié geval is wit gebruik) rondom elke blomblaar. Gebruik ook sigsag-steek om die blomblare aan die buiterand af te werk.

MIDDEL EN SERVETTE

Meet die sirkel wat in die middel van die doek oopgelaat is. Vou nou die ekstra 2 meter materiaal soos jy die stuk wit lakenlinne gevou het.

Knip nou 'n sirkel daaruit wat 2,5 cm groter is as die oop kol in die middel van die doek.

Knip 'n soortgelyke sirkel uit aanstrykvoering en stryk vas aan die agterkant van die materiaal-sirkel.

Knip V-vormige 2-cm-kepe reg rondom rand. Vou rand in en pars. Moenie vaswerk nie. Werk die sirkel met soomsteek oor die oop middelkring van die blomblare vas.

Knip die orige 1,5 m materiaal in ses vierkante van 50 cm elk. Soom die rande met masjiensteek om en gebruik die omgesoomde vierkante as servette.


DIAGRAM NA BLADSY 124

Piekniekvreugde


Piekniek-vreugde

VAN BLADSY 33


1.




2.




3.



4.




5.



Nou het jong hondjies asook kleiner soort honde ook hulle redes waarom hul Bobtail hondekos verkies!

Nuwe Bobtail Melkverrykte Kos vir Jong Hondjies. Gee u jong hondjie 'n voorsprong in die lewe deur aan hom die voeding te gee wat hom sal help om in 'n gesonde, lewenslustige hond te ontwikkel.

Nuwe Bobtail Mini-brokkies is 'n volledige en gebalanseerde dieet. Spesiaal vervaardig vir klein tot middelgrootte honde.



Vervaardig deur Nola Nywerhede (Edms) Beperk, Desertstraat 2, RANDFONTEIN 1760. Klas: Droë Hondekos.
Bobtail Hondekosbrokkies. Reg. Nr. V9030 Wet 36/1947.
Bobtail Mini-brokkies. Reg. Nr. V9765 Wet 36/1947.
Bobtail Kos vir Jong Hondjies. Reg. Nr. V9764 Wet 36/1947.



N.F.F.F.O.O.D. M.A.A.T.S.K.